**NCC EN SARS ONDERTEKEN MEMORANDUM VAN VERSTANDHOUDING OM NAKOMING TE VERSTERK**

Die Nasionale Verbruikerskommissie (NCC) en die Suid-Afrikaanse Inkomstediens (SARS) het 'n memorandum van verstandhouding gesluit om verbruikersbeskerming te versterk teen onvoldoende goedere wat die Suid-Afrikaanse mark betree. Die memorandum het ten doel om afdwinging te verbeter, konsultasie en samewerking aan te moedig, en die deel van inligting te versterk, in lyn met beide entiteite se onderskeie mandate en insover die gereg dit toelaat.

Die memorandum fokus op die aanspreking van onvoldoende invoere, die verbetering van belasting- en doeanenakoming, en die beskerming van verbruikers teen onveilige en substandaard goedere. Die ooreenkoms maak voorsiening vir gesamentlike ondersoeke, die deel van inligting en gekoördineerde inisiatiewe.

Die memorandum het spesifiek ten doel om samewerking tussen die partye te fasiliteer om oortredings van artikel 26 van die Wet op Verbruikersbeskerming, wet nr. 68 van 2008, aan te spreek, veral in verband met die versuim om fakture uit te reik of die uitreiking van fakture wat nie aan statutêre vereistes voldoen nie, insluitend die weglating van BTW-registrasiebesonderhede. Dit bewerkstellig ook maatreëls vir die NCC om vermoedelike oortredings van belasting- en doeanewetgewing te rapporteer, insluitend versuim om vir belasting- en/of doeanedoeleindes te registreer.

Die samewerking tussen die twee instansies sal na verwagting afdwiningspogings in die klerasie-, tekstiel-, skoeisel- en leersektor versterk deur gevalle van ontduiking of omseiling van doeaneregte en -belastings deur invoerders te identifiseer en deur toepaslike wettige beheermaatreëls en ingrypings in werking te stel om sodanige optrede aan te spreek. Daarbenewens versterk dit toesighouding in sleutelsektore, e-handelinvoere ingesluit, waar die risiko's van valse etikettering en regulatoriese nienakoming beduidend bly.

Die kommissaris van SARS, dr. Johnstone Makhubu, ter onderskrywing van die ooreenkoms wat deur sy voorganger onderteken is, het bevestig:

"Hierdie vennootskap versterk ons kapasiteit om onvoldoende invoere en belastingontduiking op te spoor en daarteen op te tree. Dit verleen bevoegdheid en sluit aan by die president se aankondiging in die SONA oor die bekendstelling van die nasionale program vir ontwrigting van die onwettige ekonomie wat sleutelstaatsagentskappe en belanghebbendes, die privaat sektor ingesluit, byeenbring. Dit stel ons in staat om die ekonomie beter te beskerm terwyl ons verseker dat alle handelaars op regverdige en regmatige wyse sake doen."

Hy het bygevoeg: "Die ooreenkoms vorm deel van ons samewerkingstrategie wat op verskeie memorandums van verstandhouding met staatsentiteite gebaseer is om die misbruik van oorgrense handeldryf te kniehalter.

Ter aansluiting by hierdie sentiment het die waarnemende kommissaris van die NCC, mnr. Hardin Ratshisusu, gesê dat hierdie memorandum die NCC se mandaat, om verbruikers te beskerm, versterk. Hy het verder gesê: "Verbruikers het 'n reg tot veilige goedere van goeie gehalte en regverdige markpraktyke. Hierdie samewerking maak meer doeltreffende aksie teen verbode optrede moontlik, terwyl dit aanspreeklikheid regoor die waardeketting heen verbeter."

Die ooreenkoms weerspieël 'n benadering van die regering as geheel wat op samewerking, deursigtigheid en aanspreeklikheid gegrond is. Dit voorsien verder vir gestruktureerde verslagdoening, gesamentlike bedrywighede en voortgesette skakeling om te verseker dat onvoldoende goedere ingevolge toepaslike wetgewing geïdentifiseer en hanteer word.

**Einde**